

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

April 2011 **Nommer 103**

INHOUDS OPGAWE

Beleefdheid teenoor God ...1

Dit is wat geloof is! ...4

Die waarheid begin met amen ...5

BELEEFDHEID TEENOOR GOD

Wat is heilig?

JT Oldenhuis

Die woord 'heilig' kom gereeld in ons daaglikse taalgebruik voor. Dit word so dikwels gebruik dat jy dit amper nie meer hoor nie.

Hierdie woord is eie aan die kerk. Ons glo aan 'n heilige kerk. Ons is deel van die gemeenskap van heiliges. Ons glo in die Heilige Gees. Die kinders is geheilig in Christus. Ons bid tot 'n heilige God. Ons lees die Heilige Woord van God.

Ja, heilig word sommer al gou baie alledaags. Die Bybeltjie lê iewers verfrommeld. En as ons oor God praat, dan is Hy al gou op dieselfde vlak as wat ons is. Dit is asof daar nie meer afstand is nie. As ons nie verstaan wat Hy bedoel nie, dan is dit Hy wat vreemde dinge sê. En as sy dade onverstaanbaar en vir ons onverklaarbaar is, is Hy dan nog wel betroubaar? Daar word baie minder oor God gepraat, en hulle wat nog oor Hom praat, doen dit dikwels heeltemal anders.

Ons hoor hoe daar deesdae so baie oor sekularisasie (verwêreldliking) gepraat word. Dit is 'n aaklige woord, soos 'n krapmerk op 'n langspeelplaat. Ook 'n moeilike woord, waarmee veranderings en prosesse benoem word, wat ons eerder buite ons eie kring wil plaas.

Maar het dit wat met die moeilike woord 'sekularisasie' bedoel word, nie dalk ook al by onself posgevat nie? Hoe gaan ons om met die Heilige dinge? Hoe gaan ons om met die woord 'heilig'? Is 'heilig wees' nog 'n kenmerk van jou?

Heilig in die Bybel

Dit wat heilig is, daarmee gaan 'n mens nie sommer roekeloos om nie. Dit vereis voorsorgmaatreëls. Dit is 'anders'. Maar so het ons nog steeds nie alles gesê nie. "Anders" kan sinoniem wees vir 'vreemd', in die sin van gevaarlik vir. Dikwels word daar

sogenaamd na die oorspronklike betekenis van die woord “heilig” gekyk om dit te verduidelik: dit beteken om eenkant geplaas te wees, iets wat nie van hierdie wêreld is nie. Eintlik kan jy as leek nie daaraan raak nie, dit is “gelaaï”.

In baie godsdienste word die woord ‘heilig’ beskou as iets wat taboe is. Jy sit eintlik iets eenkant waaraan jy nie mag raak nie.

Maar teorieë oor die oorspronklike betekenis van woorde beteken nie so veel nie. Dit is baie beter om te kyk hoe die woord in die Bybel gebruik word. En daar sien ons: Heilig is ’n woord wat by God hoort. Sterker nog, dit is ’n woord wat God tipeer as ‘God’. Wie ‘heilig’ sê, sê baie. Ons hoop om dit duidelik te maak deur ’n paar voorbeelde.

Eksodus 3

Die eerste keer dat ons die woord ‘heilig’ in die Bybel lees, is in die geskiedenis van Moses. Hy het nuuskierig geword toe hy die wonderlike verskynsel sien van die doringbos wat aanhou brand, maar nie uitbrand nie. Toe hy nader kom, hoor hy ’n stem wat sê: ”Trek jou skoene uit, want die grond waarop jy staan is heilige grond”. Wat die grond self betref was daar niks besonders sigbaar nie. Die grond was slegs heilig omdat God daar teenwoordig was. Iets is heilig omdat dit direk en regtens met God te make het. En dit beteken nie dat jy op ’n afstand moet bly nie. Moses moes juis nader kom, God het hom geroep sodat hy ’n opdrag kon ontvang. Maar Moses kan nie sommer uit homself besluit om nader te kom nie. Hy kan nie as ‘t ware met sy hande in die sy sakke aangestrompel kom nie. God is daar aanwesig, en daarom is die plek ‘heilig’. En dit vereis spesiale omgangsreëls, toegangsreëls. Vir Moses beteken dit: ‘Trek jou skoene uit...’. Dit was vroeër altyd ’n teken van nederigheid, van aanbidding en onderwerping. Moses mag na God kom, maar daar word ’n spesifieke beleefdheid en respek van hom geëis.

Eksodus 19-20

Die tweede voorbeeld: Die verskyning van die Here op die berg Sinäi, die hoogtepunt in die Ou Testament. God besoek nie net sy volk nie, Hy kom by hulle woon en verbind Homself amptelik aan

die bevryde volk. Hierdie ontmoeting kan nie sommer net uit die bloute plaasvind nie, daar is voorbereidings om te tref en voorskrifte wat nagekom moet word.

Toe alles uiteindelik gedoen en gereël is, toe kondig die geklank van die ramshoring sy koms aan. Die hele berg bewe. Vuur en geluid en geweld wat losbars. Die lugruim word verlig deur weerligstrale. Al hierdie dinge saam maak duidelik wat God se heiligheid is. Telkens weer word daar in die Ou Testament na hierdie gebeurtenis verwys. Die volk mag dit nie vergeet nie: Om tot God te nader word van nou af altyd verbonde aan eerbied, respek en verering, omdat die volk nou God se heiligheid ken. Die herhaalde oproep “Wees heilig, want Ek is heilig”, vind in hierdie heiligheid sy oorsprong.

Na sewe dae kan Esegïël eers weer opstaan nadat hy die troonvisioen sien. Dit is die heiligheid van God!

Jesaja 6

Nog ’n voorbeeld. Jesaja het God sien sit op ’n hoë en verhewe troon. En dan staan daar in Jesaja 6 geskrywe: “terwyl die some van sy kleed die tempel gevul het”. Indrukwekkend! Dit is ’n visioen wat vol vuur en rook en geluid is, veral ook deur die teenwoordigheid van die serafs. Sommige vertalings noem hierdie serafs ‘vuurgedaantes’. Dit is hierdie gedaantes vol vuur wat die onsuiverheid verbrand. Hulle onderstreep die heiligheid van God. Hulle is troonwagters wat deur hulle aanwesigheid verhoed dat nooit enige iets God kan bereik wat eintlik nie by Sy heiligheid hoort nie. Jy kan nooit by hulle verby kom nie. Hulle is konstant in beweging. Hulle klap hul vlerke en dit maak ’n groot geluid. Afskrikwekkend. Hulle vlieg heen en weer, hulle is voortdurend in beweging. En hulle vul die hele visioen met hul geroep: “Heilig, heilig, heilig, is die Here, van die leërskaars”. Jesaja is heeltemal oorweldig deur hierdie gesig en geluid. Hy kan nie eers bly staan nie. “Wee my, ek is verlore” hoor ons hom sê. Dit is die indruk wat die heiligheid van God maak.

So is God. Hy roep Jesaja. Maar Hy laat hom eers

Net soos met die geloof, geld dit ook vir die gebed: Dit is nie die waarde of intensiteit van my gebed wat my voor God aanneemlik maak nie, maar Christus!

aanraak deur die vuur op die altaar. Slegs so is Jesaja geskik vir sy taak.

Esegiël 1-3

Ons kyk nou na 'n laaste voorbeeld uit die Ou Testament, naamlik die visioen van Esegiël.

Hy sien onbeskryflike groot dinge. Dit is alles te groot en te wonderbaar vir hom om presies weer te gee. Wonderlike gedaantes en 'n gestalte waarvan ons nie veel meer kan sê as dat dit lyk soos 'n mens, nie. Alles word weer beskryf vanuit vuur en lig, geluid en beweging, bliksem en storm. Bo alles uit klink God se stem. En alles word omsluit in die geweldige gedruis van die vleuels van die wesens rondom hierdie troon.

Dit alles is so geweldig indrukwekkend, dat Esegiël vir sewe dae van stryk is. Totaal verbyster. Na sewe dae kan hy eers weer opstaan. Dit is die heiligheid van God!

Leef met Hom maak Hy self moontlik deurdat Hy alles self wegneem wat nie by Hom hoort nie. Hy bedek dit self, versoen dit.

Die Heilige onder sy volk

Hierdie heilige God kom woon by mense, en wil nie maar net een keer met hulle praat nie. Op die berg Sinai begin iets heel besonders: Hy wil woon onder sy volk in 'n tipe huis, midde tussen die volk. Sy heiligheid beteken nie dat Hy ver weg is, vreemd is, of gevaarlik nie. Hy kom tot baie naby aan ons. So wil Hy dit self graag hê. Hy wil omgang met mense hê, 'n egte verhouding. Hy soek hulle op en roep hulle. En tegelyk bly Hy die Heilige. Dit maak Hy self moontlik deurdat Hy alles self wegneem wat nie by Hom hoort nie. Hy bedek dit self, versoen dit.

Ja, dit noem ons nou maar net kortliks, maar hierby noem ons wel een van die mees indrukwekkende dinge in die hele Skrif. Hierdie heilige God woon by mense wat eintlik deur sy heiligheid verteer moes word. Totaal moes wegsmeel, verdamp. En daarom stel Hy ook baie duidelike reëls: reëls van respek, eerbied, onderwerping en aanbidding. En

wie hulle nie hierby hou nie, word uitgewis. Aäron het twee van sy seuns voor sy eie oë sien sterf deur die vuur van die HERE (Levitikus 10). Vuur gaan van God uit (Ps 97). En tog: vanaf hierdie woonplek wil God sy vriendelike aangesig oor sy volk verhef (Num 6). Hy belof bedekking van onheiligheid, versoening van sonde, lewe en seën. Ja, dit is tog die mees indrukwekkende wat ons in die Skrif lees, dat hierdie God so naby aan mense kom, dat Hy Homself as 't ware kwesbaar opstel. 'n Mens kan byvoorbeeld Sy huis sien. Maar tegelyk kan sy huis nou ook gebruik word vir ander gode. Lees maar die boeke Jesaja en Esegiël. Hy is kenbaar, maar nou kan daar ook slegte dinge oor Hom gesê word. Mense kan maak asof Hy nie bestaan nie. Mens kan hierdie grote heiligheid van Hom vergeet en verag. Dit kan, en dit het ook deur die hele geskiedenis elke keer weer gebeur. Duisende kere. En tog bly Hy die Heilige!

Jesus Christus.

En tog wil God nog nader aan mense kom as wat in die Ou Testament die geval was. Wonderlik, die Heilige nog nader! En dit het gebeur, toe Jesus Christus, sy Seun, mens geword het. Nader as dit is eenvoudig nie moontlik nie! God die Seun het as mens onder die mense gewoon. Hy het Een van ons geword. Hy het grootgeword in 'n gesin, met 'n vader en 'n moeder, broers en susters. Hy het vriende gehad, Hy het mense se hand geskud. Hy het agter in 'n boot gelê en slaap, omdat Hy moeg was en Hy moes gereeld eet en drink, anders kon Hy dit nie volhou nie. En Hy is ook die een van wie gesê word dat die heerlijkheid van die Vader in Hom sigbaar geword het. Voor sy geboorte is al van Hom gepraat as die Heilige, en kort voor sy sterwe het Hy presies gesê wie Hy was. Jesus verskyn in al sy heiligheid aan Johannes op Patmos: Sy stem klink soos die van God in die visioene van die Ou Testament. Dit is 'n stem wat klink soos die gedruis van 'n groot watermassa, soos die geruis van 'n waterval (Openb.1:15)

As die Lam deel Hy in die heiligheid van God – 'n heiligheid wat Johannes sien deur die oop deur in die hemel: Hy sien 'n troon, en Iemand wat daarop sit. En weer word God net beskryf vanuit 'n

Tevredenheid kom nie deur ons omstandighede nie, maar deur 'n verstaan van ons lewe gewortel in Christus

- J de Boer

vergelyking, so onbeskryflik is Hy. En Johannes sien wesens met vlerke, ontelbare aantal stemme, vuur en lig. En in die middel hiervan: die gestalte van die geslagte Lam (Open 4 en 5). Hy wat so kwesbaar mens was, staan daar in sy heiligheid.

Kwesbaar mens. Hulle kon Hom spoeg en spot. So iets was 'n duidelik en verregaande afwys van sy heiligheid. Maar 'n mens kan dit ook minder ekstrem doen, deur Hom doodeenvoudig te ignoreer. Langs Hom verby loop, sonder om op Hom te let. Wegkyk. Dit is almal opvallende maniere om Hom te vergeet, verag. Mettertyd eenvoudig vergeet van sy heiligheid, vergeet van die nodige respek, eerbied en aanbidding.

Dit is wat gebeur as ons nie meer die woord "heilig" verstaan nie. As ons nie meer besef nie dat God Hom as die Heilige openbaar, en Jesus Christus as die Heilige na die aarde laat kom het. Dan begin mense anders praat oor God. Ja, ook al praat hulle dan miskien nog oor Hom, dit is so totaal anders. Woorde en begrippe raak leeg, goeie gewoontes van eerbied val weg.

Dit is nou presies wat sekularisasie (verwêreldliking) is!

'n Paar vrae.

Hoe bid ons? Waarmee begin jy jou gebed? Wat is jou liggaamshouding? Hoe lyk party van ons Bybels? Hoe praat die mense oor God? Wat is jou houding teenoor God? Wat is die eerste gedagte wanneer daar dalk iets in die Bybel staan wat ons nie verstaan oor die Bybel of oor God nie? Wat dink die mense van God, is daar nog respek, eerbied en onderwerping?

Omgang met die heilige God vereis beleefdheid. En miskien sê hierdie woord te min, maar eerbied, respek en onderwerping begin met beleefdheid.

En die voordeel van die woord "beleefdheid" is dat almal dit kan verstaan. Dit kan nie eenkant weggeskuif word deur die samelewing omdat dit tot die "kerktaal" behoort nie. Die verweer teen die sekularisasie by ons en in die samelewing begin met hierdie beleefdheid teenoor God: Opstaan vir Hom, Hom voorop laat gaan, Hom begroet soos dit behoort en op die korrekte manier omgaan met die dinge aangaande Hom.

Be-lééfde beleefdheid.

Adam, Set, Enos....

(1 Kronieke 1:1)

"Kyk wat se gemors is dit hier" hoor ek iemand sê. Die persoon was jare weg en het weer teruggekeer na Suid Afrika. Hy het lank in die buiteland gewoon en het hom verwonder oor die veranderinge in Suid Afrika. Na soveel jare het daar baie dinge verander. Die een na die ander ding word opgenoem. Dit lyk asof alles agteruit gegaan het....

Dit hoor 'n mens dikwels by mense wat vir 'n tyd lang in die buiteland gewoon het. Hulle sien die groot veranderinge raak. Vir die wat egter in Suid Afrika gebly het, en wat ook die veranderinge meegemaak het, was dit alles meer geleidelik. Maar as iemand dit dan skielik vir 'n mens noem, dan besef jy eers weer al die veranderinge wat plaasgevind het.

Wat ook al verander, hoe moeilik dit ook al is om alles te volg en te beoordeel: Hy is daar. Hy was daar en Hy sal daar wees.

In die tyd dat die skrywer van Kronieke begin skryf het, was dit ook anders as vroeër. Of hy dieselfde in sy tyd gesê het soos hierbo weet ons nie, maar dat hy ook gedink het dat dit slegter as vroeër gegaan het, is 'n feit. Ongeveer 400 jaar voor Christus het daar wel Jode in Kanaän gewoon, maar dit was net 'n klein oorblyfsel van vroeër. Net 'n klein deel het uit Assur en Babel uit ballingskap teruggekeer. Die eerste stamme van Israel, Ruben, Gad en die helfte van Manasse is rondom 730 v.C. in ballingskap weggevoer en 3 eeue later skryf die skrywer: die mense woon nog steeds daar.

Die tempel van die Here is miskien wel herbou, maar het die ouer mense nie gehuil toe hulle dit sien nie? Hulle kon nog onthou hoe die eerste tempel was. En die nuwe tempel is nie naastenby soos die ou tempel was nie. En dit geld ook vir die regering.

Ons is baie meer besig met ons probleme as met ons sonde

- J Borgdorff

Het Israel dan nie die name van koning Dawid en Salomo in sy geskiedenis nie? Dit was God se gesalfdes wat op die troon gesit het, onder die seënende hand van die Allerhoogste self! Prys sy Naam! Nou egter is die land 'n provinsie van Persië. Die Perse noem die gebied van Israel “Oor die rivier” en dit is maar net 'n gedeelte van wat vroeër die ryk van koning Dawid was. Die Persiese koning laat die gebied regeer deur sy gesante wat aan hom verantwoordelik is.

Hoe beoordeel 'n mens dit nou? Is dit beter of slegter? Gaan dit weer soos voorheen word? Gaan alles maar net sleg op hierdie oomblik, of bly dit so? Ons sit met dieselfde vrae. Hoe kyk 'n mens terug in die verlede? Watter lesse kan ons uit die verlede leer vir vandag? Iemand het eenkeer gesê: “Iemand wat nie die geskiedenis ken nie, moet dit noodwendig herhaal”.

Adam, Set, Enos...

Die skrywer van 1 Kronieke gaan baie ver terug. Adam was die eerste mens. Hy was al daar voor ons voorouers. Hy was al daar voordat manne soos Dawid en Salomo naam gemaak het. En hy was al daar voordat 'n sekere Tiglat-Piléser en 'n Nebukadneser of 'n Kores op die wêreldtoneel verskyn het. Daar is slegs een naam wat Adam se naam voorafgaan: die Here God! Prys sy Naam! En van Hom weet ons dat Hy gister en vandag en môre dieselfde is. Wat ook al verander, hoe moeilik dit ook al is om alles te volg en te beoordeel: Hy is daar. Hy was daar en Hy sal daar wees. 'n Vaste Rots.

Die boek Kronieke het 'n baie treffende begin. Die skrywer wil 'n groot historiese oorsig gee. Daarvoor haal hy soms letterlik uit ou boeke aan, soms verwerk hy dit wat in ou boeke staan. Ook vleg hy nuwe informasie in om die mense van sy tyd in te lig oor die geskiedenis. Ook oor veranderings, soms ten goede, soms ten kwade. Maar veral praat hy oor God, wat oor alles regeer. Hy was al daar voordat daar enige iets was. Hy is die Skepper van mense. En soms verskyn van hierdie mense op die toneel van die wêreldgeskiedenis, mense wat baie groot invloed op die samelewing het. Soms raak dit alles net te

veel, raak dit alles buite beheer. Dit voel asof veranderings soos golwe oor jou spoel. Niemand kan dit keer nie. Tog is daar Iemand wat dit alles in Sy hand hou. Omdat Hy alles gemaak het...Adam, Set, Enos...

Die skrywer begin waar God begin het. Kyk, dit is nou wat geloof is. Dat jy seker kan wees dat jy as persoon en as gemeenskap opgeneem is in God se geheel. En daarmee saam dus: glo in God se trou, wat deur die eeue heen bly skitter oor menslike ontou. As ons kan terugreik tot by Adam, sal God verseker ook reik tot by die laaste uitverkorene. Ongeag wat ook al gebeur, selfs ook in ons tyd.

DIE WAARHEID BEGIN MET AMEN

J van Bruggen

Amen en uit

“Die waarheid begin met Amen”: so 'n opskrif lyk vreemd, ongewoon. In ons gedagtegang staan ‘Amen’ nooit aan die begin, maar altyd aan die einde. Dit begin met die waarheid en daarop volg dan die ‘Amen’. Wie ‘Amen’ sê, beaam iets. 'n Preek se ruspunt lê in die ‘Amen’ aan die einde. En 'n gebed word in volle vertroue met ‘Amen’ afgesluit.

Hier is die waarheid nie die slotsom van 'n menslike soektog nie, maar die sleutel van bevryding wat aan ons gegee word

Amen en waarheid

Hoe sou die waarheid dan nou met *amen* kon begin? Dit is nie alleen strydig met waaraan ons gewoond is nie. Dit lê dieper. Veral in ons tyd. Die woord *amen* straal sekerheid uit en die moderne mens is

Heiliging is die begin van die heerlijkheid (in die hemel), die heerlijkheid is die voltooiing van die heiliging

nie so gou seker van iets nie. Eintlik ontbreek die woord *amen* in die 21ste eeuse mens se woordeskat. Met *amen* maak jy jousef vas. Jou vryheid word ingeperk deur iets waaraan jy jou verbind. En so iets lyk tog skadelik vir die mens as méns? Is waarheid nie iets wat jy moet ervaar, jou op een of ander manier moet raak of aanspreek nie? Is waarheid nie die slotsom van 'n persoonlike soektog wat jou van hoër gesag losmaak om jou eie waarheid te vind wat by jou pas, en jou ook vrylaat om jousef te wees nie? Op so 'n waarheid kan 'n mens dan 'amen' sê, maar dit is dan ook nie vir ewig nie. So 'n 'amen' is 'n slotsom wat jy vir jousef maak. Aan die begin is die soeke en aan die einde miskien die vind. As daar dan nog plek vir die woordjie *amen* in hierdie eeu is, is dit nooit aan die begin nie. Dit lyk onmenslik en nie vry nie.

Die 'amen' aan die begin van Jesus se woorde is die eggo op die werklikheid wat reeds in die hemel is.

Die waarheid van Jesus Christus

Hierdie moderne lewensgevoel, wat eintlik al baie oud is, word vierkantig teengestaan deur die optrede van Jesus Christus. Hy het nie gekom om mense by te staan in hulle soeke na hulle eie waarheid nie. Nee, Hy tree met gesag op en lê die waarheid kant en klaar aan hulle voor. Hy eis dat hulle om hulle lewens ontwil met volle oorgawe hulle daaraan wy, moontlik selfs 'n marteldood deur hulle vyande in die gesig staar. Hy sê vir die kritiese Jode in Jerusalem: "Ek het aan julle die waarheid vertel wat ek van God gehoor het. Dit het Abraham nie gedoen nie." (Joh 8:40) En vir sy dissipels sê Hy onomwonde: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe" (Joh 14: 6). Daarom kon Hy ook sê: "Wanneer julle by my woord bly, is julle my dissipels: julle sal die waarheid ken en die waarheid sal julle vry maak". Hier is die waarheid nie die slotsom van 'n menslike soektog nie, maar die sleutel van bevryding wat aan ons gegee word. Ons kan dit slegs aanvaar en beaam. Ons moet hiermee begin, anders kom ons nêrens nie!

Amen, amen...

Nou is daar in Jesus se gesprekke iets opvallends, wat baie keer misgelees word. Ook Hy gebruik die woordjie *amen*. Hy doen dit selfs gereeld. Die besonderse is egter dat Hy nie daarmee eindig nie, maar begin. Ons ken almal die uitsprake waar Jesus 'n wending in die gesprek bring: "Voorwaar, ek sê vir julle...". Hierdie "voorwaar" is egter 'n swakker vorm van "Amen, ek sê vir julle..." Jesus gebruik doelbewus die uitroep 'Amèn'. Die Jode het, net soos ons, 'Amèn' as slotwoord gebruik. So het dit ook in die Ou Testament gebeur. Die Hebreeuse 'Ameen' beteken: "Dit is verseker waar!" 'n Uitroep van bevestiging. Die billikheid van 'n uitgespreekte vloek word beaam met 'Ameen'. 'n Seën word aanvaar deur 'Ameen' te sê. So was 'amen' nog altyd 'n antwoord gewees. 'n Slotwoord. Nooit 'n begin nie. Waarom sou jy 'amen' sê as daar nog niks gesê is wat beaam kan word nie? Binne die spreekwyse van die Joodse volk is dit dan ook vreemd en ongewoon, as Jesus sy sinne begin met 'Amen.'

'n Skokkende spraakgebruik

Dit is die taak van eksegeese (Skrifuitleg) om die effek en funksie van bepaalde woorde in hulle eie tyd te bepaal. Moderne Bybellesers het vertrouwd geraak met woorde soos "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle." Dit is nou maar eenmaal die Here Jesus se idioom, die manier waarop Hy praat. Dit hoort by die stem van die Herder. In die eksegeese moet ons ons afvra of die idioom wel so vertrouwd geklink het toe Jesus op aarde was. En dan moet ons sê dat die nuutheid van hierdie manier van praat eerder bevreemding en vrae as vertrouwdheid opgeroep het. Dit beteken dat Jesus deur sy idioom wou skok. Hoekom? Wat is dan die betekenis van hierdie woordkeuse en styl?

Gesaghebbend, maar nie enig nie

As Jesus begin met die slotwoord "Amen", kombineer Hy dit meestal met die woorde: "Ek sê vir julle". Dit is 'n gewaagde uitspraak. Die Jode was gewoon om hulle te beroep op die vaders of

Die enigste troos teen Satan wat so woës te kere gaan, is dat ons die Woord van God het om gelowiges te red

- M Luther

die rabbyne. Wie waag dit om op eie gesag te praat? Jesus doen dit: Hy het nie die gesag van mense nodig nie. Sy eie gesag is genoeg. “*Ek sê vir julle!*”

Tog praat Jesus nie net op eie verantwoordelikheid nie. Dit kan ’n mens aanvoel wanneer Hy die “*Ek sê vir julle*”, laat voorafgaan deur ‘Amen’ of die dubbele ‘Amen, amen’ (soos in die boek Johannes). Hy beaam iemand of iets. Hy bring nie net ’n eie standpunt na vore nie. Hy onthul en bevestig die waarheid wat Hy eers beaam.

Dit klink so vreemd: daar is niemand wat iets sê nie en tog roep Jesus ‘Amen...!’ Miskien is dit een van die redes waarom onder die volk gefluister is dat Hy dalk van sy kop af is.

Ons moet probeer omons in die situasie in te leef. Kyk hoe geheimsinnig is ons Heiland wanneer Hy begin om te leer! Aan die begin van sy sinne staan ’n raaisel. Ons hoor Hom ‘Amen, amen’ roep. Ons kyk om ons heen, maar sien niemand anders as Jesus nie. Met wie praat hy? Verstaan of sien ons iets nie? Is daar ’n ongesiene teenwoordigheid waarop Jesus reageer?

Dit bly by vrae: hierdie ‘Amen’ is vir ons ’n raaisel. ’n Misterie wat aandag trek. Hy daag ons uit: wil jy regtig verstaan en weet? Luister dan verder! Miskien kom ons dan agter hoe dit in hierdie wêreld moontlik is dat die waarheid met ‘Amen’ kan begin.

Die wat vir Jesus bly luister word stadig maar seker bewus van die antwoord op hierdie raaisel. Baie keer sê Jesus dat Hy aan ons bekend maak wat Hy van die Vader gehoor het. Hy het dit nie self uitgedink nie, maar kom om dit deur te gee en bekend te maak. Jesus sê ook meer as een keer dat hy ’n oop verbinding met die Vader het. Dit het al by die doop geblyk: “En daar kom ’n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehag het.” (Mat 3: 17)

Soms hoor ons dat Jesus verder gaan as die woord *amen*. Dan is Hy hardop in gesprek met sy Vader. “Ja Vader, Ek loof U, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, want so was dit u welbehag. Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe

die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.” (Mat 11: 25 – 27) Hier hoor ons die oop verbinding tussen die sender in die hemel en die uitsending op aarde.

Werklik waar!

Die ‘Amen, amen’ aan die begin is as’t ware die openingsmelodie vir die aardse uitsending van ’n boodskap wat in die hemel gehoor word. In die ‘amen’ lê die geheim weggesteek wat Jesus eenkeer so verwoord het: “Ek en die Vader is een.” (Joh 10: 30) Die Vader praat ongehoord en ongesien. Jesus beaam dit en gee dit deur. In die hemel word die werklikheid gesien en Jesus bevestig dit en vertel dit. Die ‘amen’ aan die begin van Jesus se woorde is die eggo op die werklikheid wat reeds in die hemel is.

Die waarheid begin met ‘Amen’. *Amen* is nie die slotsom van ons menslike speurtog nie. Dit gaan voor ons uit en bly ons voor. Jesus volg dit met sy ‘Amen’. En sy ‘Amen’ is die vaandel waaronder ons ons mag skaar. Ons leer om daarop ‘amen’ te sê. Soos Jesus se ‘Amen’ aan die begin ’n eggo op die majesteitlike werklikheid van God is, so is ons ‘amen’ aan die einde ’n eggo op die evangelie van die werklikheid. Ons kan met ons ‘amen’ alleen maar die openbaring van Jesus navolg. Die Vader het alles in die hemel al gesien en gehoor, die Seun het dit alles al geweet. Hy het ons daarin voorgedaan. Hy weet waarvan Hy praat! Daarom begin sy woord met ‘Amen’.

Daarvoor mag ons lewenslank dankbaar wees: daar is ’n bodem waarin ons swerwende siele mag anker!

In gebed is dit beter om ’n hart te hê sonder woorde, as om woorde te hê sonder hart

- J Bunyan